

Wat is die Afrika-aartappel?

Gerhard Prinsloo en
Dr James Allemann

Gerhard Prinsloo is 'n nuwe aanstelling by LNR-Roodeplaas. Sy fokus is op opleiding en navorsing van medisinale plante in die medisinale inkubator projek. Hy het onlangs sy doktorsale tesis in medisinale plante voltooi (Universiteit van Pretoria). Dr. James Allemann (voorheen verbonde aan LNR-Roodeplaas) is 'n dosent in akkerbou aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy het sy doktorsgraad op die ontwikkeling van *Plectranthus esculentus* as 'n moontlike alternatiewe gewas voltooi.



Figuur 1. Die Afrika-aartappel (*Hypoxis hemerocallidea*). Foto met vergunning van B. van Wyk (van Wyk et. al 2000).



Figuur 2. Die vlesige ondergrondse stingel van die Afrika-aartappel (*Hypoxis hemerocallidea*) wat vir medisinale doeleindes gebruik word.

Foto met vergunning van B. van Wyk (van Wyk et. al 2000).

Was u al ooit verward gewees as daar van die Afrika-aartappel gepraat word? Vele is van mening dat dit 'n onvanpaste benaming is aangesien die ondergrondse gedeelte van die Afrika-aartappel, *Hypoxis hemerocallidea*, (Fig. 1) nie naastenby soos 'n aartappel lyk nie. Dit is gevolglik nie 'n gewone aartappel met 'n Afrika oorsprong nie, maar 'n plant wat hoofsaaklik vir sy medisinale eienskappe gebruik word.

Die meerjarige plant word verspreid in die Suid-Afrikaanse grasvelde aangetref. Dit bestaan uit 'n vlesige ondergrondse stingel met 'n uitgebreide bywortelstelsel wat die plant in staat stel om baie ongunstige omstandighede te oorleef. Die vlesige ondergrondse stingel is swartbruin aan die buitekant en geel aan die binnekant. Die plant word maklik uitgeken aan die heldergeel stervormige blomme en smal blare wat in drie groepe vanaf die stingel groei (Fig. 1). Die vlesige ondergrondse stingel (Fig. 2) is tradisioneel gebruik om verskeie siektes soos verkoue, griep, urienweginfeksies, MIV en vele ander te behandel. Nuwer ontdekkings het ook bepaal dat die plant gebruik kan word teen kanker, suikersiekte en inflammasie.

Die gebruik van volksname kan baie verwarring skep, en hier is nog so 'n geval, want daar is egter nog 'n plant wat in sommige gebiede ook bekend staan as die Afrika-aartappel. Hierdie plant, *Plectranthus esculentus* (Fig. 3) behoort aan dieselfde plantfamilie as die kruisement plant, en word wel op 'n soortgelyke manier as die aartappel gebruik, alhoewel dit ook sekere medisinale gebruike het. Hierdie spesies word beperk tot die warmer vogtige noordelike en oostelike dele van Suid-Afrika, waar dit in die verlede baie populêr onder die plaaslike bevolking was. 'n Klos vertakte knolle (gewysigde stingels net soos die gewone aartappel) kom aan die basis van die stingel voor, wat ook die oorsprong is vir die vlak bywortelstelsel (Fig. 3). Hierdie knolle (wat tot sowat 2 kg kan weeg) word dan net soos aartappels voorberei en geëet, maar kan ook afgeskil en rou as gereg dien, en is ook blykbaar goed vir smaak.

Dit het 'n eiesoortige smaak, amper soos dié van jong aartappelknolle wat met kruisement voorberei is. Dit is nie net die knolle wat bruikbaar is nie; die stingels kan gebruik word om 'n dun pap te maak, of selfs om mandjies en ander produkte te vervaardig.



Figuur 3. Die klos knolle aan die stingelbasis van die "ander" Afrika-aartappel (*Plectranthus esculentus*). Foto: Dr. James Allemann.

Blomme van die plant word deur mense in Tanzanië ingemaak, terwyl die blare van die plant gebruik word om mense met lint- of haarwurminfeksies te behandel.

Hierdie plant (*Plectranthus*) is baie interessant in die sin dat die blomme vroeg in die lente op die blaarloze stingels verskyn, voor die plante weer begin groei. Na die blomme verskyn het sterf die ou stingels af. Die ogies op die knolle loop dan uit om die nuwe seisoen se plante te produseer. Daar kan dus gesien word dat hierdie plant se voorkoms en groeiwyse soortgelyk is aan dié van die baie meer bekende aartappel.

Die benaming van die Afrika-aartappel is dus baie verwarrend, aangesien die plant wat vandag bekend staan as die Afrika-aartappel (*Hypoxis hemerocallidea*) nie vir sy voedingswaarde bekend is nie, maar vir sy medisinale eienskappe. Daarbenewens kom daar ook 'n tweede Afrika-aartappel voor, naamlik *Plectranthus esculentus*. Nie een van hierdie twee spesies is naastenby verwant aan die aartappel, *Solanum tuberosum* nie. Die Instituut vir Groente en Sierplante (LNR-Roodeplaas) is tans betrokke by navorsing op die *Hypoxis* Afrika-aartappel. Daar word hoofsaaklik gekyk na vermeerdering en stabilisering van die chemiese samestelling van die plant.

Verwysing

Van Wyk, B., Van Oudtshoorn, B. & Gericke, N. 2000. Medicinal Plants of South Africa. Briza Publikasies, Pretoria, Arcadia.